CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

***Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, in samewerking met die Plaaslike Regering: Sektorale Onderwys-en- opleidingsowerheid (SETA) en die Chinese Kultuur- en Internasionale Opvoedkunde-uitruilsentrum (CCIEEC) bied 'n opeenvolgende sesmaande- Internasionale Steunprogram vanaf Junie 2024 tot Desember 2024 in China aan vir geregistreerde en handeldrywende klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) op die gebiede wat hieronder genoem word.***

# OPEENVOLGENDE SESMAANDE (6) INTERNASIONALE STEUNPROGRAM IN CHINA - (10 X GELEENTHEDE)

Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Breedevallei, Drakenstein, Stellenbosch en Witzenberg-Munisipaliteite wag hiermee aansoeke in van geregistreerde klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) in die Kaapse Wynland-streek wat graag aan die Internasionale Steunprogram wil deelneem.

**Vereistes vir gevestigde klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's):**

1. Klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) moet 'n geregistreerde en handeldrywende besigheid in die regsgebied van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit hê
2. Ervaring in die bedryf van eie besigheid
3. Samestelling van 'n omvattende besigheidsplan van goeie gehalte wat in China nagestreef sal word
4. Gebiede: **e-Handel en Aanlyn Besigheidsvaardighede, Entrepreneursvaardighede, Bedryfsamewerking en -investering, Toerisme en kultuuruitruil en -samewerking, Landelike ontwikkeling, en Kleinsake-ontwikkeling**

**Dien asseblief die volgende in:**

1. 'n Motiveringsbrief moet gerig word vir die aandag van die Munisipale Bestuurder (hoogstens 1 bladsy) wat verduidelik waarom hierdie geleentheid aan jou gegun moet word
2. Volledige CV, gewaarmerkte afskrif van ID
3. 'n Omvattende besigheidsplan van goeie gehalte wat in China nagestreef sal word
4. Bewys van registrasie van jou besigheid; asook bewys van jou besigheid se adres
5. As jy reeds 'n paspoort het, sal dit in jou guns tel, en jy word versoek om 'n gewaarmerkte afskrif daarvan by jou dokumentasie aan te heg
6. Gekose kandidate moet bereid wees om 'n mediese ondersoek te laat doen en 'n polisie-uitklaring te verkry; die koste daarvan sal deur die munisipaliteit gedek word

**Die koste wat die LGSETA saam met die Chinese Kultuur- en Internasionale Opvoedkunde uitruilsentrum (CCIEC) per deelnemer sal dek is:**

- Dokumentasie (verblyfpermit in China en visumgelde)
- Akkommodasie
- Maaltye
- Plaaslike vervoer
- Opleidingsgelde
- Werkplekfasiliteringsgelde
- Oriëntasie
- Administrasiegelde
- Sakebesoek en samewerkingspraktyke/-bedryf by Chinese maatskappye
- Hospitaalversekering
- Dag-tot-dag mediese fonds

**Die koste wat die KWDM sal dek:**

- Mediese ondersoeke
- Paspoortaansoek
- Polisie-uitklaringsertifikaat

Aansoekers op die kortlys sal 'n onderhoudsproses deurloop. Die LGSETA se keuringsvereistes sal ook geld.

**Aansoekers moet duidelik aandui vir watter Munisipaliteit hy/sy oorweeg wil word.**

| | | |
|---|---|---|
| **2 x geleenthede** | **-** | **Breedevallei Munisipaliteit** |
| **2 x geleenthede** | **-** | **Kaapse Wynland Disrtriksmunisipaliteit** |
| **2 x geleenthede** | **-** | **Drakenstein Munisipaliteit** |
| **2 x geleenthede** | **-** | **Stellenbosch Munisipaliteit** |
| **2 x geleenthede** | **-** | **Witzenberg Munisipaliteit** |

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Maandag, 27 Mei 2024 om 16:00.**

---

**AANSOEKE KAN MET DIE HAND BY DIE VOLGENDE ADRESSE AFGELEWER WORD:**

**STELLENBOSCH-KANTOOR**

Du Toitstraat 29/Alexanderstraat 46
STELLENBOSCH
7600

**PAARL-KANTOOR**

Hoofstraat 194
PAARL
7646

**WORCESTER-KANTOOR**

Trappesstraat 51
WORCESTER
6850

**CERES-KANTOOR**

Munnikstraat 27
CERES
6835

**ROBERTSON-KANTOOR**

Van Reenenstraat 40
ROBERTSON
6705

**MONTAGU-KANTOOR**

Bathstraat 50A
MONTAGU
6720

---

**Die sluitingsdatum vir aansoeke word beskou as die datum waarop aansoekers aan die minimum vereistes, soos in die advertensie gestipuleer, moet voldoen. Geen aanvullende dokumente sal na die sluitingsdatum aanvaar word nie. Aansoekers kan navrae rig aan me NP Mtuta by (021) 888 5120. Brief, omvattende besigheidsplan en volledige CV, vergesel van identiteitsdokument, paspoort en bewys van registrasie van besigheid en bewys van jou besigheid se adres moet in 'n verseëlde koevert met die betrokke program se naam, Internasionale Steunprogram in China vir KMMO's daarop gestuur word na die Munisipale Bestuurder, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Posbus 100, Stellenbosch 7599.**

**Neem asseblief kennis dat aansoeke wat nie aan die bogenoemde voorskrifte voldoen nie, nie oorweeg sal word nie. Aansoeke wat laat, per faks en/of elektronies ontvang word, sal ook nie in aanmerking geneem word nie.**

**In die geval van enige teenstrydigheid tussen die Engelse, Afrikaanse en isiXhosa-advertensie, sal die Engelse advertensie voorrang geniet.**

*Let asseblief daarop dat indien geen terugvoering teen 31 Mei 2024 ontvang is nie, kandidate kan aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was.*

*Gunswerwing sal 'n aansoeker diskwalifiseer.*